BOEK BRING VIR KIDS DIE MAGIC TERUG

Stigting, uitgewery span saam met heruitgawe

WORD SO SLIM: Dis uiters belangrik dat kinders van vroeg af boeke moet lees. **Foto: WERNER HILLS**

DIE VERSLAGGEWER

DIE Jakes Gerwel Stigting en Tafelberg-Uitgewers herdenk saam Nelson Mandela se honderdste geboortedag vanjaar op 18 Julie met die heruitreiking van *Madiba Magic*.

Madiba se versameling geliefde kinderstories sal by 14 skole oor die land heen bekend gestel word.

Ervare storievertellers sal by die skole in die Oos-Kaap, Gauteng en die Wes-Kaap stories uit die boek op vindingryke manier vir jong leerders toeganklik maak deur voordrag, dans en musiek.

Skole waar daar min blootstelling aan boeke en lees is, word ingesluit by hierdie projek.

Benewens die interaksie met die leerders, skenk Tafelberg-Uitgewers ook boeke aan die skoolbiblioteke wat besoek word.

Dié laerskole sluit in: Tshatshu (King William's Town), James Ntungwana (KwaNobuhle, Uitenhage), Kei Road, Gilbert Xuza (in Somerset-Oos), Melpark (Melville), Norwood (Johannesburg), KwaFaku (Philippi), Molo Mhlaba en Intshayelelo (Khayelitsha), Blue Mountains (Altydgedacht buite Durbanville), Westcott (Dieprivier), Groenheuwel (die Paarl), Wallacedene, Hillcrest (Mowbray) en Mountain Road (Woodstock).

Die gewilde *Madiba Magic*, wat spesiaal vir die Mandela-viering in 'n nuwe formaat in Engels uitgereik is, bevat 'n versameling stories so oud soos Afrika self. Dit is stories wat deur die eeue heen om kampvure oorvertel is.

> "Dit is die stories wat hy vir kinders sou vertel

Dit sluit die magiese oerverhale van die San en verskeie ander inheemse groepe in, asook verhale van die vroeë seevaarders wat met hul seilskepe ook stories met hulle saamgebring het.

Die jong leser maak verder kennis met die slim planne en onnutsige streke van die wesens wat hierdie ruwe, veeleisende vasteland bevolk – hul diep menslikheid, ruim harte en spontane humor.

Madiba Magic het al groot sukses plaaslik en internasionaal beleef.

Meer as 100 000 Engelse eksemplare van die boek is verkoop en dit is in verskeie tale vertaal. Die boek is onder meer beskikbaar in Swede, Nederland, Italië, Duitsland, Amerika, Frankryk, Mexiko en Portugal.

"Madiba se liefde en sy ruim hart vir kinders het mense aangegryp en hierdie boek verwoord iets daarvan.

"Dis die stories wat hy vir kinders sou vertel," sê Michelle Cooper, uitgewer by Tafelberg, oor die groot sukses van die boek.

Met Jakes Gerwel as direkteur-generaal in oudpres. Nelson Mandela se eerste demokraties verkose kabinet, asook Gerwel se aandeel aan die keuse van stories vir *Madiba Magic*, is die Jakes Gerwel Stigting trots om 'n vennoot van hierdie projek te wees.

"Die Jakes Gerwel Stigting is ernstig oor die bevordering van lees en om jong kinders bloot te stel aan die wonder van boeke, en daarom is dit vir ons 'n groot voorreg om deel te wees van hierdie leesprojek," sê Theo Kemp, uitvoerende direkteur van die Jakes Gerwel Stigting.

DIS LEESTYD: Oudpres. Nelson Mandela se gunsteling-kinderstories is hierin saamgevat.

SMS JOU MENING OOR DIE STORIE AAN 36488